

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 468

14 Maart 1986

REGULASIES BETREFFENDE DIE BESLAGLEGGING
OF DIERE DEUR 'N BEAMPTTE VAN 'N VERENIGING
TOT VOORKOMING VAN MISHANDELING VAN
DIERE

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 (1) (b) en (c) van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet 71 van 1962), die regulasies vervat in die Bylae hiervan, uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“beamptte” ’n beamptte van ’n vereniging;

“die Wet” die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet 71 van 1962);

“vereniging” ’n vereniging tot voorkoming van mishandeling van diere bedoel in artikel 8 (1) van die Wet, en het ’n woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

Beslaglegging en rapportering

2. (1) Indien skriftelik daartoe gemagtig deur die landdros van ’n distrik mag ’n beamptte van ’n vereniging in daardie distrik, indien dit blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat ’n dier wat in daardie distrik gevind word, onmiddellike sorg nodig het of indien dit redelikerwys nodig is om mishandeling of lyding van so ’n dier te voorkom, op daardie dier beslag lê en in bewaring van die vereniging neem.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 468

14 March 1986

REGULATIONS RELATING TO THE SEIZURE OF
ANIMALS BY AN OFFICER OF A SOCIETY FOR THE
PREVENTION OF CRUELTY TO ANIMALS

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 (1) (b) and (c) of the Animals Protection Act, 1962 (Act 71 of 1962), made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Definition

1. In these regulations, unless inconsistent with the context—

“officer” means an officer of a society;

“the Act” means the Animals Protection Act, 1962 (Act 71 of 1962);

“society” means a society for the prevention of cruelty to animals as intended in section 8 (1) of the Act,

Seizure and reporting

2. (1) If authorised thereto in writing under the hand of the magistrate of a district, any officer of any society may in that district, if it appears that there are reasonable grounds to believe that an animal found in that district needs immediate care or if it is reasonably necessary to prevent cruelty to or suffering of such an animal, seize such animal and take it into the custody of the society.

(2) Sodanige beslaglegging moet binne 24 uur gerapporteer word aan 'n polisiëbeampte aan diens by dië polisiëstasie, polisiëkantoor of polisiëpos wat die naaste aan die plek waar die dier gevind is, geleë is.

(3) Subartikels (2) en (3) van artikel 8 van die Wet is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n magtiging kragtens subregulasie (1) verleen.

Kennisgewing

3. (1) Indien daar nie ingevolge artikel 20 van die Straffeproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), op die dier beslag gelê word nie, moet die betrokke vereniging—

- (a) indien die eienaar van die dier se naam en adres bekend is aan die vereniging, onverwyld op die wyse wat in die omstandighede gepas is, kennis van die beslaglegging aan die eienaar gee;
- (b) indien die eienaar van die dier se naam en adres nie aan die vereniging bekend is nie en die dier nie losgelaat is nie, die feit dat die dier in die vereniging se bewaring geplaas is, binne sewe dae na die beslaglegging adverteer deur publikasie van 'n kennisgewing daarvan in Afrikaans in 'n Afrikaanstalige koerant en in Engels in 'n Engelstalige koerant wat in die betrokke distrik in omloop is: Met dien verstande dat indien 'n tweetalige koerant in daardie distrik in omloop is, 'n kennisgewing in albei amptelike tale aldus daarin gepubliseer word.

(2) 'n Vereniging bedoel in regulasie 2 (1) laat binne die tydperk genoem in regulasie 3 (1) (b) 'n afskrif van die kennisgewing in laasgenoemde regulasie bedoel—

- (a) aan die polisiëstasie, polisiëkantoor of polisiëpos bedoel in regulasie 2 (2) stuur;
- (b) aan elke ander vereniging tot voorkoming van mishandeling van diere in dieselfde distrik as die betrokke vereniging stuur; en
- (c) op 'n kennisgewingsbord by die kantoor van die vereniging aanbring.

Beskikking

4. Wanneer die dier wat in bewaring van die vereniging geneem is, nie binne sewe (7) dae na die datum van die advertensie of kennisgewing aan die eienaar opgeëis is nie, beskik die vereniging oor die dier: Met dien verstande dat die vereniging dië dier kan vernietig, ongeag die toestand waarin die dier verkeer as daar nie andersins oor die dier beskik kan word nie.

Uitgawes

5. 'n Vereniging wat 'n dier ooreenkomstig hierdie regulasies in bewaring het of gehad het, kan die redelike onkoste in verband daarmee aangegaan, op die eienaar van die dier verhaal.

Misdrywe

6. (1) Niemand mag—

- (a) tensy hy ooreenkomstig 'n bepaling van 'n Wet daartoe gemagtig is, 'n dier waarop 'n beampte ooreenkomstig hierdie regulasies beslag gelê het of wat aldus in bewaring van 'n vereniging is, uit die besit of bewaring van so 'n beampte of vereniging verwyder nie; of
- (b) 'n beampte of 'n vereniging opsetlik hinder, belemmer of teengaan by die uitoefening van 'n bevoegdheid wat ingevolge hierdie regulasies aan so 'n beampte of vereniging verleen is, nie.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subregulasie I oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een (1) jaar.

(2) Such seizure must be reported within 24 hours to a police officer on duty at the police station, police office or police post situated nearest to the place where the animal was found.

(3) Subsections (2) and (3) of section 8 of the Act shall *mutatis mutandis* apply to an authority granted in terms of subregulation (1).

Notice

3. (1) If the animal is not seized in terms of section 20 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), the society concerned must—

- (a) if the name and address of the owner of the animal are known to the society, forthwith give notice of the seizure to the owner in the manner best suited under the circumstances; or
- (b) if the name and address of the owner of the animal are not known to the society and the animal has not been released, within seven days of the seizure, advertise the fact that the animal has been taken into the society's custody by publication of a notice thereof in Afrikaans in an Afrikaans language newspaper and in English in an English language newspaper circulating in the district concerned: Provided that, if a bilingual newspaper circulates in that district, a notice in both official languages shall be published therein.

(2) The society referred to in regulation 2 (1) shall within the period mentioned in regulation 3 (1) (b) cause a copy of the notice intended in the last-mentioned regulation to be—

- (a) sent to the police station, police office or police post intended in regulation 2 (2);
- (b) sent to every other society for the prevention of cruelty to animals in the same district as the society concerned; and
- (c) affixed to a notice board at the office of the society.

Disposal

4. Whenever an animal that was taken into the custody of the society has not been claimed within seven days of the advertisement or notice to the owner, the society shall deal with the animal in its discretion: Provided that the society may destroy the animal, irrespective of the condition of the animal, if the animal cannot be disposed of otherwise.

Expenses

5. A society that has or had an animal in custody in terms of these regulations may recover from the owner of the animal the reasonable expenses incurred in connection therewith.

Offences

6. (1) No person shall—

- (a) unless authorised thereto in accordance with a provision in an Act, remove an animal that was seized by an officer or that is in the custody of a society in accordance with the provisions of these regulations from the possession or custody of such officer or society; or
- (b) wilfully obstruct, hinder or resist an officer or a society in the exercise of a power conferred on an officer or society in terms of these regulations.

(2) Any person who contravenes a provision in subregulation (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding one year.